

Hoofstuk van die dag: Galasiërs 3

> *Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één. (Gal 3:28)*

Hierdie is een van die verlossende waarhede van die evangelie

waarmee ons Afrikaners nog altyd gesukkel het – dat ons in Christus Jesus ’n nuwe mensdom geword het, waar ander waardes en ander verhoudings die deurslag gee.
Ek onthou nog goed hoe geskok ek as eerstejaar was, een aand by die Sendingweek op Stellenbosch, toe ds Jan Hofmeyr gesê het as hy moet kies tussen ’n wit ongelowige, en ’n swart gelowige skoonseun, is daar nie eintlik ’n keuse nie. Maar hierdie waarheid is iets waarmee ons vandag steeds sukkel. Ons sien éérs ras raak, dan Christenskap. Daarom is die NG Kerk, bv, na al die jare en na al die samesprekings, nog nie met haar dogterskerke verenig nie. In my laaste gemeente het ’n lidmaat nog vir my gesê: “As jy swartes in die kerk inbring, kan jy dit seker doen, maar weet net: ék sal dan nie weer kom nie.”
Natuurlik is daar baie praktiese struikelblokke, soos bv. die taalkwessie. Maar waar daar ’n wil is, móét daar ’n weg wees. Anders verloën ons Christus se versoeningswerk.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026